NUUSVRYSTELLING

Datum uitgereik: 24 Augustus 2011
Uitgereik deur: Agri Wes-Kaap

Agri Wes-Kaap reaksie op Human Rights Watch Verslag

Agri Wes-Kaap het die verslag genaamd 'Ripe with Abuse –Human Rights Conditions in South Africa's Fruit and Wine Industries' wat deur die Human Rights Watch uitgestuur is, bestudeer en verwerp dit ten sterkste. Ons beskou dit nie as 'n ware refleksie van die werklike omstandighede in die Wes-Kaapse landbousektor nie. Ons wil dit graag duidelik stel dat Agri Wes-Kaap offisieel die verslag gekry het nadat dit aan die media en in die publieke domein bekend gemaak is en daarom nie die geleentheid gehad het om kommentaar te lewer of om seker te maak dat ons insette en inligting in die finale verslag geinkorporeer is nie.

Die Human Rights Watch gee erkenning aan 'n uitgebreide lys van individue en organisasies wat gekonsulteer is met die samestelling van die verslag en hulle erken dat hulle 'streef om alle perspektiewe in hulle navorsing te reflekteer'. "Dit is daarom teleurstellend en definitief frustrerend dat ons agterkom die inligting wat Agri Wes-Kaap na lang konsultasies met die Human Rights Watch gedeel het, nie in die finale dokument gereflekteer word nie", sê Carl Opperman, HUB van Agri Wes-Kaap (AWK). Dit bevraagteken ook die onafhanklikheid, objektiwiteit en waarheid waar dit hierdie verslag aangaan.

Die aantygings wat in die verslag genoem word, is ernstig van aard, wat die potensiaal het om internasionale markte vir Suid-Afrikaanse produkte toe te maak en kan groot skade aan die reputasie van ons bedryf, ons provinsie en ons land aanrig. Dit is daarom onaanvaarbaar dat die syfers wat in die verslag genoem word, kwantitatief en nie kwalitatief is nie. AWK het nog altyd versoek dat mense wat klagtes het oor gevalle van mishandeling en onwettige optrede, die besonderhede aan ons deurgee sodat ons daarop kan reageer, selfs al is die betrokke boer of instansie nie 'n lid van AWK nie. Suid-Afrika het 'n baie kragtige konstitusie en ruim wetgewing wat elke persoon in hierdie land beskerm. Dit is daarom onverstaanbaar dat 'n organisasie soos Human Rights Watch (HRW) kies om 'n waansinnige mediaveldtog te loods in plaas daarvan om die beskikbare strukture te gebruik om seker te maak dat mense wat oortree, verantwoordelik gehou word, binne die wetgewing van ons land en ook die internasionale menseregte wette. Ons het HRW gevra om die besonderhede van die plaaswerkers wat volgens hulle uitgebuit en mishandel word, aan ons te verskaf, maar hulle weier. Dit los ons met vrae soos - bestaan hierdie plaaswerkers regtig? Is hulle ooit plaaswerkers? Kan daar bewys word dat die fotos tydens die verslagtydperk geneem is?

"Die landbousektor in die Wes-Kaap bestaan uit hoofsaaklik uitvoer-georienteerde besighede en boere is meer as bewus van die streng internasionale uitvoervereistes en ons weet beslis wat op die spel is as ons nie aan hierdie vereistes voldoen nie", sê Carl Opperman. "Hoekom sal ons dan ons inkomste, ons besighede, ons totale lewensbestaan op die spel plaas deur onmenslike en onwettige optrede – dit maak eenvoudig net nie sin nie"

Einde

Navrae: Porchia Adams, Korporatiewe Kommunikasiebestuurder, 082 4412 510, 021-860 3802, Porchia@awk.co.za